AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG VRAESTEL 1

Die vraestel se formaat moet vroegtydig aan die kandidate gegee word en interne eksamens behoort in dieselfde formaat opgestel te word. Kandidate moet gereeld gedurende die jaar aan die eksamen se vraagtipes blootgestel word, bv. die beantwoording van veelkeusevrae.

By die onderrig van die gedigte moet die woorde se betekenis spesiale aandag kry. Die vragies wat in die gidse beantwoord word gedurende die jaar is nie genoegsame voorbereiding nie.

Die drie verskillende vraagtipes by die roman moet ook voortdurend onder die aandag van kandidate gebring word sodat dit nie vir hulle ‘n vreemde verskynsel in die eksamenlokaal is nie.